

## 1 Oktober

**Skrifgedeelte: Psalm 139:1-24 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Psalm 139:1(b)**

### **Eers as jy God leer ken, ken jy jouself**

Wie Psalm 139 verklaar asof dit gaan net oor God se alwetendheid en alomteenwoordigheid en almag, het groot moeite om vers 19-22 te verstaan. Daar word die Psalm 'n gebed vir die einde van goddeloses en die digter betuig sy haat vir hulle wat die Here haat.

Die Psalm gaan eerder oor die gevolge van God se totale bemoeienis met ons. Daaroor skryf die Psalmdigter in vers 16:

- Dat die HERE my ten volle ken: my karakter, alles wat ek doen, die gedagtes in my onderbewussyn, die motiewe agter my doen en late en my konfidentiële fluistergesprekke.
- My hele menswees, my hart, my gedagtes, my optrede en my woorde is oop en bloot voor Hom.
- Hy lê beslag op my lewe, want Hy is oral waar ek gaan (vs 7-12).
- Ja, Hy het my soos 'n kunswerk geskep (vs 13-17).

Hoe reageer mens op hierdie besondere bemoeienis deur Hom wat alles weet en oral is en alles doen?

- Eers maak die wete mens so benoud dat jy probeer om Hom te ontvlug (vs 7 en 11).
- Dan kom berusting in die wete dat Hy, ook al ken Hy my so goed, my nie wegjaag nie, maar beskerm.
- Dan verwondering vir sy grootsheid.
- En teësin en haat vir alles wat Hom en sy eer weerspreek.
- Ten slotte kom die gebed dat Hy my sal help om voor Hom te lewe.

*Sing: Psalm 139:12*

*Ds BC Smit (Parys)*